

**21 AUGUSTUS**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 75**  
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 75:3, 8, 9, 11b**

**Daar is 'n beker skuimende wyn in die Here se hand ...**

In Psalm 75 openbaar God Homself as die Regter van hemel en aarde. Hy verneder en verhoog. Hy sal goddelose mense op sy tyd straf: Daar is 'n beker met wyn wat met gif gemeng is in sy hand. Die goddeloses sal dit tot op die laaste druppel toe moet leegdrink.

Hierin lê vir elkeen wat tans onder onreg ly die troos dat onreg nie altyd sal seëvier nie. Op sy tyd sal God ingryp en alles weer in orde bring. Hy straf elke sonde en die straf sal verskriklik wees. Daarom sê Hy, meer letterlik vertaal, in vers 5a: "Moenie mal in jou kop wees nie!". Moenie jouself teen My verhef nie – daar is 'n beker skuimende wyn in my hand ...

Volgens Romeine 3 is dit duidelik dat alle mense hierdie straf verdien. Daar is nie een wat regverdig is nie, nie een wat sy verstand gebruik nie. Só gesien sou God ook vir my en jou van sy oordeelswyn moes inskink. Maar Hy oordeel regverdig (Ps. 75:3; Rom. 3:26) deurdat Hy elkeen wat in Christus glo, vryspreek. Hy het in Getsemane gekies om die lydingsbeker van God se oordeel op Golgota in ons plek leeg te drink. In plaas van oordeelswyn, skenk Christus vir ons nagmaalswyn as teken van sy bloed wat gestort is as volkome versoening van al ons sonde.

Bid dat Christus sal kom om die lewendes en dooies as Regter te oordeel en finaal 'n einde aan onreg te maak. Bid egter met die nederige besef dat ons self daarby gebaat het dat God onreg nie dadelik straf nie – Hy wat wil hê dat niemand verlore sal gaan nie, maar dat elkeen hom sal bekeer. Wees verseker dat Hy wat Christus, die Regverdige, vanuit die dood tot aan sy regterhand verhef het, elke veronregte wat in Hom regverdig is, ook hoog sal verhef.

*Sing: Psalm 99:1, 3, 5 (1936-beryming)*

*Ds Francois Muller (Uitschot)*